higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N400**(A)**(J21)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

(7080126)

21 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie stelsel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … is die proses van kyk hoe ‘n kind werk of speel sonder om by die aktiwiteit in te meng.

A ‘n Portefeulje
B Waarneming
C ‘n Lesplan

1.2 Objektiewe waarnemings van ‘n kind is ... stellings.

A feitelike
B subjektiewe
C persoonlike

1.3 Blokkiespel (‘Block play’) is lewendiger en raseriger as ander aktiwiteite en moet naby die … geleë wees.

A leesarea van die speelkamer
B kantoor
C aktiewe area van die speelkamer

1.4 Bulletinborde vir kinders se projekte en kreatiewe aktiwiteite:

A ‘n Uitstekende manier om kinders se werk te vertoon, goeie gedrag te beloon, en vakansies en seisoene te vier
B Moet op die ooghoogte van volwassenes wees
C Moet in die educarers se personeelkamer wees

1.5 Warm kleure …

A word gebruik vir rustige, ontspanne ruimtes.
B is rooi, geel en oranje.
C is blou, groen en pers.

1.6 Tydens aktiwiteite wat ritmiese bewegings behels …

A word kinders gedwing om deel te neem.
B moet alle kinders deelneem.
C mag sommige kinders verkies om te kyk en nie deel te neem nie.

Kopiereg voorbehou

1.7 Wiegeliedjies …

A word gebruik om ‘n musiekaktiwiteit af te sluit.
B word altyd met instrumentele begeleiding gesing.
C is volksliedjies en -danse.

1.8 Die eerste stadium van bou met blokkies is die aksie van …

A blokkies rond te dra of opmekaar te stapel.
B patrone te bou.
C dekoratiewe patrone te skep.

1.9 Konsepte en vaardighede met betrekking tot … word geoefen en versterk deur middel van spel met blokkies; dit sluit in lengte, afmetings, vergelyking, getalle, skatting, simmetrie en balans.

A klimrame
B wiskunde en wetenskap
C die omgewing

1.10 Groen is ‘n sekondêre kleur wat verkry word deur … te meng.

A geel en rooi
B blou en oranje
C geel en blou

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ‘n item uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Kort verslae oor spesifieke insidente tydens die waarneming van kinders	A	modder
2.2	Het die kind ‘n loopneus en is die oë tranerig?	B	die natuurtabel
2.3	Tydens fantasiespel speel kinders ‘n kammarol; hulle verbeel hulle hoe dit is om ‘n ander persoon te wees	C	anekdotiese rekords
2.4	Materiaal met ‘n oop einde wat aan die verskillende behoeftes en belangstelllings van kinders voldoen en kreatiwiteit en verbeelding aanmoedig	D	verkenning van hoe die heelal werk
2.5	Besonderhede van al die educarer se benodigdhede en hoe om die aktiwiteit aan te bied, insluitend ‘n inleiding, inhoud (‘body’) en gevolgtrekking	E	klokkespel, xilofone
2.6	Geleenthede om die natuur en veranderinge waar te neem	F	neem die perspektief van andere en ontwikkel empatie
2.7	Om kinders te leer van die aarde, maan, sterre en planete	G	sing van liedjies
2.8	Suid-Afrika se nasionale dier	H	daaglikse kontrolering van gesondheid
2.9	Gebruik bewegings waar die liggaam se groot spiere gebruik word, soos hardloop, spring, balle gooi en vang, en ander grootspieraktiwiteite	I	klap hande, slaan op knieë
2.10	‘n Manier vir jong kinders om taal te oefen	J	groot motoriese vaardighede
2.11	Kyk saam met die kinders na gister, vandag en môre se weer	K	integrasie van kultuur deur middel van visuele hulpmiddels in die daaglikse program
2.12	Die gebruik van plakkate, prente uit tydskrifte en stories om die herkenning en bespreking van verskille tussen die kinders se kulture aan te moedig	L	driehoek, rammelaars, skudders (‘shakers’)
2.13	Nie-melodiese instrumente	M	springbok
2.14	Melodiese instrumente	N	lesplanne
2.15	Aktiwiteite bestaande uit ritmiese bewegings	O	3-dag-weerkaart

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Subjektiewe waarnemings deur die educarer is etikette en veroordelings, byvoorbeeld: Nonhlanhla is lui.

3.2 Die educarer se informele kontak met 'n kind se ouers is nie waardevol nie.

3.3 Blokkiespel ('Block play') stimuleer leer op elke terrein van ontwikkeling, dit wil sê intellektueel, fisies, psigies, sosiaal-emosioneel en taal.

3.4 Klank, ritme, taal, beweging en instrumente is sangelemente van musiek.

3.5 Asemhalingsoefeninge vir sang help kinders om hulle asemhaling te beheer sodat, hulle hul beste lewer wanneer hulle sing.

3.6 By die ontwerp van 'n bulletinbord vir ouers sal mens dink aan eenvoudige, vinnige, en aantreklike maniere om boodskappe, aankondigings, en inligting oor geleenthede oor te dra.

3.7 Warm kleure, soos wit, sal warmer lyk wanneer dit langs 'n koel kleur, soos rooi, geverf word.

3.8 Handeklap, die slaan van knieë, en voetestamp is voorbeelde van liggaamsperkussie-aktiwiteite.

3.9 Die integrasie van kultuur in die daaglikse program help om respek vir, en aanvaarding van, diversiteit en verskille tussen mense en kulture te bevorder.

3.10 Dans en musiek kan gedoen word deur na kindermusiek te luister en kinders aan te moedig om te beweeg nes hulle wil wanneer die musiek speel, individueel of in groepe.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

VRAAG 4

4.1 Bespreek die waarde daarvan om met sand te speel. (10)

4.2 Verduidelik die punte wat jy in gedagte sal hou wanneer jy beplanning doen vir speel met sand. (10)

4.3 Noem VIER geskikte binnenshuise troeteldiere vir die voorskool. (4)

4.4 Verduidelik hoe jy die troeteldiere in jou daaglikse program sal insluit. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5 Bespreek DRIE aktiwiteite wat jy met die kinders sal doen vóór ‘n uitstappie na die diereplaas. (3 × 2) (6)

4.6 Verduidelik die punte wat jy in ag sal neem tydens ‘n uitstappie na die diereplaas. (10 × 1) (10)
[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die punte wat jy in ag moet neem wanneer jy die vordering van ‘n kind met sy/haar ouers bespreek. (10 × 1) (10)

5.2 Bespreek die waarde van die weerkaart (‘weather chart’). (5 × 2) (10)

5.3 Hoe sal 5-jariges voordeel trek uit die bewegingsaktiwiteite wat jy vir hulle beplan? (5 × 2) (10)

5.4 Noem VYF soorte bewegings wat geskik is vir 5-jariges om die ontwikkeling van hulle bewegingsvaardighede te bevorder. (5)

5.5 Wat moet die educarer in ag neem by die beplanning van ‘n buitelug-bewegingskring (‘outdoor movement ring’) met apparaat en toerusting vir 3-jariges. (5)

5.6 Bespreek die aspekte wat jy in ag moet neem by die waarneming van kinders tydens bewegingskringe (‘movement rings’). (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 6

6.1 Watter waarde het dit om kinders musiekinstrumente te laat speel? (10 × 1) (10)

6.2 Verduidelik hoe jy ‘n nuwe liedjie vir ‘n groep 5-jarige kinders sal leer. (10 × 1) (10)

6.3 Verduidelik die aspekte wat jy in gedagte sal hou tydens binnenshuise bewegingsaktiwiteite op ‘n reënerige dag. (5 × 2) (10)

6.4 Bespreek VYF nadele van konserte waarby voorskoolse kinders betrokke is. (5 × 2) (10)

6.5 Bespreek VYF maniere waarop ouers by die aktiwiteite in die voorskool betrokke kan wees. (5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou